

ONS BEHOORT AAN DIE HERE: GOD HET GEKIES OM ONS LIEF TE HÊ

1. Ons word kinders van God genoem

Kom ons lees een vers in die Bybel saam – 1 Johannes 3 vers 1: *“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God en ons is dit ook.”*

God die Vader noem ons “Sy kinders”. Hoekom noem die Here ons “Sy kinders”? Kyk wat sê die teksvers: Hy noem ons Sy kinders “en ons is dit ook.” God noem ons Sy kinders omdat dit regtig so is: ons is Sy kinders!

2. Grootmense is ook kinders

Wie is almal die Here se kinders? Is dit net kinders wat die Here se kinders is, of is Pa en Ma, Oupa en Ouma ook die Here se kinders? Kyk hoe snaaks is dit – Pa en Ma, Oupa en Ouma is ook kinders van die Here – al is hulle grootmense.

Hoekom word grootmense en hulle kinders die “kinders” van die Here genoem? “Kinders van die Here” wys nie of ’n mens groot of klein is nie. Die Here noem ons nie Sy kinders omdat ons klein is nie.

Daar is heeltemal ’n ander rede hoekom grootmense en kinders “kinders van die Here” genoem word.

3. Ons behoort op ’n baie spesiale manier aan die Here

Ons het gesien dat ons aan die Here behoort omdat Hy ons gemaak het en vir ons sorg. Maar ons behoort op ’n baie spesiale manier aan die Here. Baie anders as alles anders wat die Here gemaak het.

Behoort al die bome en blomme op die aarde aan die Here?
Ja. Want Hy het alles gemaak.

Behoort al die sterre en planete aan die Here?
Ja. Want Hy het alles gemaak – en as jy iets gemaak het, dan behoort dit aan jou.

Behoort al die voëls, visse en diere aan die Here?
Ja. Hy het hulle gemaak en alles is Syne.

Behoort ons ook maar aan die Here soos al die ander dinge wat die Here gemaak het? Nee, ons behoort op ’n baie spesiale manier aan die Here. Ons behoort aan die Here op ’n baie anderste manier as al die ander goed wat Hy gemaak het.

4. Ons is God se kinders – omdat ons in Sy liefde bly

Verbondsrreeks Les 13 Ons behoort aan die Here: God het gekies om ons lief te hê.

Kom ons lees 1 Johannes 4 vers 16 saam: *“God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God in hom.”*

Ons bly in God se liefde. Dit is hoekom die Here ons Sy kinders noem. Hy het gekies om ons in Sy liefde te laat deel. Hy het besluit dat ons Hom kan liefhê. God het ons lief en ons kan God liefhê.

Dit is hoekom God ons Sy kinders noem. Hy het ons gemaak en gekies om Sy liefde te kan ontvang en ons só gemaak dat ons Hom kan liefhê.

Dit is baie anders as al die ander goed wat God gemaak het.

Bome kan nie God se liefde ontvang nie en hulle kan God ook nie liefhê nie. Sterre en planete kan nie God se liefde ontvang nie en hulle kan God ook nie liefhê nie. Voëls, visse en diere kan ook nie God se liefde ontvang en God liefhê nie.

Hulle behoort aan die Here, maar hulle kan nie binne-in die liefde van die Here bly nie.

Dit is die spesiale manier waarop ons aan die Here behoort: ons bly binne die Here se liefde. Ons weet Hy het ons lief, en ons kan Hom ook liefhê.

5. Nie alle mense bly binne die Here se liefde nie – net ons

Kom ons kyk weer na 1 Johannes 3 vers 1: *“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.”*

Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat ons wys dat nie alle mense in God se liefde bly nie.

Jy is jou pa en ma se kind! Hulle noem jou ook “my kind”. Wat noem hulle jou maatjies as hulle by julle kom kuier? Of, wat noem hulle jou ooms en tannies se kinders as hulle by julle kom kuier? Noem jou pa of ma ander kinders ook – “my kind”?

Jou pa en ma is ook lief en goed vir ander kinders – maar nooit so lief soos vir jou nie. Hulle sal nie ander kinders ooit “my kind” noem nie.

Hoe verskil dit? Hoe verskil hulle liefde en goedheid vir ander kinders en die liefde wat hulle vir jou het?

Vir ander kinders is hulle 'n oom of tannie wat kleintjies liefhet. Maar al is hulle baie goed en lief vir hierdie kinders, is hulle nie Pa en Ma vir hierdie kinders nie. Hulle is net vir jou Pa en Ma. Nie vir ander mense se kinders nie.

Verbondsrreeks Les 13 Ons behoort aan die Here: God het gekies om ons lief te hê.

Kom ons kyk weer na ons teksvers! Wat noem God ons? Sy kinders! Wat moet ons God noem? “Ons Vader”!

Dit is die spesiale manier waarop ons aan die Here behoort: ons bly altyd binne-in Sy liefde. Hy is ons Vader en ons is Sy kinders.

6. Net ons bly in God se liefde want God vat ons sondes weg

Dit is die groot geheim van God se spesiale liefde vir ons – Hy maak dat ons binne Sy liefde bly, al luister ons nie altyd na Hom nie, al doen ons nie altyd wat Hy vir ons sê nie en al het ons Hom nie altyd lief nie.

Hoe doen die Here dit? Hoe sorg Hy dat ons binne Sy liefde bly, al is ons baiekeer ongehoorsaam aan die Here?

Kom ons lees 1 Johannes 3 vers 16 saam: *“Hieraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê.”*

Jesus sorg daarvoor. Dit is die werk wat Jesus vir ons doen – Hy vat al ons sondes op Hom en Hy staan in vir ons sondes. Daarna sal ons nog by 'n volgende geleentheid kyk.

Wat ons moet ontdek is dat dit nie ons is wat moet sorg dat ons binne God se liefde bly nie. Dit is die Here Jesus self. Dit is Sy werk om te sorg dat ons binne die Here se liefde bly – al is ons nie altyd gehoorsaam aan die Here nie.

Doen die Here Sy werk goed of is Hy lui en sleg en doen dit nie reg nie? Hy doen Sy werk goed. Hy lê Sy lewe vir ons af – sodat Hy altyd sorg dat ons binne-in God se liefde bly.

Dit is amper soos met jou ouers of oupa en ouma. Wie sorg dat jy binne-in hulle liefde bly? Is dit jy of hulle? Hulle kan vir jou vies en kwaad word, of hulle kan hartseer word as jy stout is, maar jy bly altyd binne-in hulle liefde. Dit is nie jy wat moet sorg dat jy binne-in hulle liefde bly nie. Hulle sorg daarvoor. Daarom is hulle jou pa en ma of oupa en ouma – hulle sorg dat jy altyd binne-in hulle liefde is.

Dit is wat die Here Jesus vir ons doen – Hy sorg dat ons altyd binne-in God se liefde is en bly. Daarom is ons God se kinders. Hy sorg dat ons binne-in Sy liefde bly – al is ons baiekeer nie gehoorsaam aan die Here nie.

7. God sorg dat ons in Sy liefde bly: ons is Sy kinders

Kom ons kyk weer!

Wat noem God ons? Hy noem ons Sy kinders! Ons noem Hom Vader! Hoekom noem God ons Sy kinders? Want Hy sorg dat ons altyd binne-in Sy liefde bly – al

Verbondsrreeks Les 13 Ons behoort aan die Here: God het gekies om ons lief te hê.

is ons baiekeer ongehoorsaam. Die manier waarop die Here sorg dat ons Sy kinders bly – is deur alles wat Jesus vir ons doen.

8. Opdrag

Gaan vra vir Ma of Pa, Oupa of Ouma hoekom noem die Bybel grootmense die Here se kinders? Dan kan jy vir hulle sê: want Hy sorg dat ons binne Sy liefde bly!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

Handtekening: ouer of voog